

15 Augustus

Handelinge 13:46-49

(Teks: Dordtse Leerreëls 2:8)

Slegs uitverkorenes word salig

Kan u u Paulus se blydschap voorstel toe hy sy eerste preek op die vasteland van Europa kon lewer in die sinagoge van die Jode te Antiogië? Maar toe die Jode wat die Ou Testament geken het, nie wou glo nie, toe wend Paulus hom na die heidene wat God glad nie geken het nie. Hoe sou hulle dan glo? Maar, "Toe die heidene dit hoor, was hulle baie bly oor die Woord van die Here en het hulle dit toegejuig. Almal wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword" (Hand 13:48). Ja, Paulus hoor hoe heidene tot God bid. Hy ervaar, die geskiedkundige oomblik in die Raadsplan van God dat ook heidene die geloof in die Here Jesus Christus ontvang. Maar dan ook nie al die heidene nie, net so min as wat al die Jode Christus verwerp het. Ons bely dat dit so in God se volkome vrye raadsbesluit vasgelê is dat Christus se versoeningsbloed alleen hulle verlos wat van ewigheid of tot die saligheid uitverkies is en deur die Vader aan Christus gegee is. Hulle alleen ontvang die reiniging van hul sondes, sowel die oorspronklike as die werklike sondes en sal bewaar bly vir die ewige heerlikheid.

Paulus en Barnabas is vandag lank reeds ontslape, maar dieselfde Here Jesus Christus is nog werksaam om deur sy Gees en Woord uit alle nasies sy uitverkorenes te versamel en dan ook net hulle, vir sy Koninkryk.

Sing Psalm 33:6

Ds. J. Venter (Brakpan)